**LAERSKOOL**

# PROJEKWERK IN DIE LAERSKOOL

*Dirkie van Niekerk*
*Laerskool Eikestad*

Wanneer die onderwyser in die rigting van projekwerk begin praat, kan jy gewoonlik 'n negatiewe atmosfeer in die klas bespeur. Wanneer jy na skool in die ouers vasloop is die mees algemene vraag "Is dit dan nodig om projekwerk te doen?" Jy het alreeds verlede jaar aan dieselfde ouer dieselfde vraag beantwoord, maar die vraag herhaal hom jaarliks. "Kinders en ouers hou nie van projekwerk nie, want kinders hou nie daarvan om te lees nie en ouers is al moeg om projekwerk vir kinders te doen." Hierdie is natuurlik 'n veralgemening en dit is 'n aanmerking waaroor mens seker baie kan gesels. Dit is die plig van die onderwyser om projekwerk so aan te pak dat dit vir die kinders (sowel as vir die ma's) 'n interessante uitdaging moet wees. Leerlinge moet beslis hul kennis verbreed en hulle moet die opdrag geniet. 'n Opdrag wat positiewe resultate lewer, moedig ook die onderwyser aan om sy kreatiewe denke met lus in te span.

Ek het my standerd vyf leerlinge oor hul familiegeskiedenis laat navorsing doen. Die opdrag het ten doel gehad om die leerlinge se kennis rakende hulle eie agtergrond en herkoms uit te brei en om by hulle 'n beter tydsbegrip te laat posvat.

Ek het die opdrag aan die einde van die jaar, net voor die eksamen begin het, vir die leerlinge gegee. Dit is gedoen omdat families mekaar meer geredelik gedurende Desember sien wanneer die leerlinge dus met die oupas of oumas kon gesels om te begin om inligting bymekaar te maak. Ek het dit duidelik op skrif gestel dat dit slegs op vrywillige basis geskied indien hulle gedurende die vakansie daaraan wil werk en dat die opdrag aan die begin van die jaar weer herhaal sal word.

Hulle het die opdrag soos volg aangepak:

Doen navorsing oor die geskiedenis van jou familie. Jy kan dit op meer as een manier aanpak:

1. Doen navorsing oor jou familie van jou pa se kant, of
2. doen navorsing oor jou familie van jou ma se kant of
3. doen navorsing oor jou familie van beide jou ouers se kant.

Dit staan jou vry hoe jy die onderwerp wil aanpak of benader. Hier volg enkele riglyne oor hoe jy dit moontlik kan aanpak:

1. Vind uit of daar nie reeds oor jou familie nagevors is nie. Indien nie, kan jy jou inligting by jou ouers, familie en by jou oupas en oumas kry.
2. Dink goed na oor die vrae wat jy wil vra en skryf dit neer. Die antwoorde op die vrae moet jy neerskryf of jy kan dit op band opneem om later na te luister en neer te skryf.
3. Inligting kan oor die volgende onderwerpe handel:

* Vanaf watter land kom ons familie oorspronklik? Jou van behoort 'n goeie leidraad te verskaf.
* Pa en Ma se stamboom - name van grootjies so ver terug as moontlik.
* Kort biografië wat hoogtepunte en laagtepunte van persone se lewens insluit soos byvoorbeeld sportprestasies, inligting i.v.m. reise wat hulle onderneem het, ens.
* Enkele staaltjies wat eie aan die familie is.
* Grappe wat al deel is van die familie.
* Waar julle vakansie hou.

* Neem foto's van familie en probeer om foto's van diegene te kry wat reeds oorlede is.

Hierdie poging van jou mag 'n familie-poging wees. Jou ouers en ander familie mag vir jou help. Vra jou ouers om jou finale poging te laat bind (nie verpligtend). Hierdie kan 'n pragtige geskenk vir jou familie word. Jy kan dalk die eer kry van die eerste persoon te wees wat begin het om oor jou familie na te vors. Jy kan dit vir jou oupa of ouma gee om te bewaar en hulle kan besluit wie eendag hierdie poging mag erf.

Die leerlinge het aan die begin van die jaar weer dieselfde opdrag ontvang. Ek het interessantheidshalwe aan die begin van die jaar gevra wie gedurende die vakansie aan die projek gewerk het en dit was 'n verassing om uit te vind dat ongeveer 70% van die klas reeds aan hul projekte gewerk het. Die leerlinge was almal baie positief oor die onderwerp en almal het gesê dat hulle dit baie leersaam gevind het.

Ter wille van dié leerlinge wat nie oor hulle familie kon of wou navorsing doen nie, is 'n keuse van ander onderwerpe gegee. Gedurende die kwartaal was daar kontrole datums waarop ek die rofwerk wou sien. Dit het verseker dat almal hulle projekte op die inhandigingsdatum ingee.

# WAT IS 'N HISTORIESE BEWUSSYN?

Die kernrede waarom Geskiedenis 'n moet is in die formele onderwys van alle kinders is die feit dat die mens 'n historiese wese is met 'n historiese bewussyn en dat hoe ingewikkelder die situasie is waarin hy hom bevind, hoe groter is die nood en behoefte aan 'n verfynde en ontwikkelde historiese bewussyn. 'n Historiese bewussyn is 'n algemeen-menslike lewenskategorie maar dit is in die besonder die kenmerk van 'n ontwikkelde en beskaafde mens.

'n Mens het 'n swak ontwikkelde historiese bewussyn as hy die geskiedenis as bron van verset en verwerping beskou, as hy soos 'n volstruis sy kop in die grond steek en die geskiedenis wil ontken of as hy vir die geskiedenis wil vlug deur dit te ignoreer. 'n Mens het 'n ontwikkelde historiese bewussyn as jy die geskiedenis as 'n afloswedren sien waarin elke geslag sy deel van die wedren moet loop.

Wat behels 'n ontwikkelde historiese bewussyn?

* Erkenning van die rol wat die geskiedenis in die lewe van mense - individueel en in groepsverband - speel.

* Erkenning dat die geskiedenis uit botsende strewes en belange bestaan wat tot harmonieë en disharmonieë lei wat elkeen tyd- en mensgebonde is.

* 'n Begrip van die rol van kontinuïteit en verandering in die geskiedenis en die ewige wisselwerking wat dit tot gevolg het.

* 'n Behoefte om tot 'n ewewigtige insig en begrip van die teenstellende en wisselwerkende magte en kragte in die geskiedenis te kom ten einde 'n uitsig te hê op die beperkinge, moontlikhede en geleenthede wat die toekoms bied. Dit behoort jou in staat te stel om tradisie en vernuwing, verandering en kontinuïteit in kontrapuntale harmonie te hanteer.

'n Ontwikkelde historiese bewussyn beteken dat daar eintlik geen werklike verrassings vir jou in die hede of die toekoms wag nie. Jy het alles reeds iewers in die geskiedenis in een of ander gedaante teengekom.

Uittreksel uit die referaat van prof PH Kapp op die FAK Geskiedenissimposium, 21 Augustus 1992.